# GRONDWET VAN WORCESTER PERDRYKLUB

**bekragtig by Spesiale Algemene Vergadering 26 November 2003**

## 1. NAAM VAN KLUB

Die Klub sal bekend staan as "Worcester Perdryklub", en in Engels "The Worcester Riding Club", (hierna genoem die "Klub" met die hoofkwartiere by die Klub se stalle te Worcester

## 2. REGSPERSOONLIKHEID

2.1 Die klub is 'n regspersoonlikheid en het 'n identiteit en bestaan afsonderlik van sy lede en ampsdraers. As sulks kan die Klub enige soort eiendom verkry, hou of vervreem, regte verkry en verpligtinge op hom neem.

2.2 Die klub bly voortbestaan ongeag veranderinge in samestelling van lidmaatskap of ampsdraers.

## 3. REGTE VAN LEDE

3.1 3.1 Klublidmaatskap gee lede of ampsdraers geen regte in die eiendom of ander bates van die klub nie.

3.2 3.2 Klublidmaatskap gee lede slegs die voorreg van klublidmaatskap onderhewig aan die heffings en redelike beperkings wat die bestuur van tyd tot tyd mag bepaal.

## 4. BEPERKTE AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE

Die aanspreeklikheid van lede en ampsdraers is beperk tot ledegelde of enige ander bedrae deur hul aan die Klub verskuldig

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

**5. DOELSTELLINGS**

Die doelstellings van die Klub sal wees om al die doelstellings van 'n perdryklub te vervul, insluitende: –

5.1. Om perdry aan te moedig by kinders in Worcester en in die distrik.

5.2. Om toe te sien na die gerief en die gemak van lede, ruiters en perde.

5.3. Om ruiters aan te moedig om deel te neem aan skoue, gymkhana of enige ander perdrysport.

5.4. Om uitvoering te gee aan die terme en voorwaardes soos uiteengesit in die ooreenkoms tussen die Munisipaliteit van Worcester en die Klub, byvoegings en veranderings aan die genoemde ooreenkoms en enige verdere ooreenkoms wat aangegaan mag word in die toekoms, met betrekking tot die Klub.

5.5. Om die klubhuis, stalle en gronde van die Klub in stand te hou en te verbeter vir gebruik deur sy lede.

5.6. Om 'n liefde vir diere en versorging van en beskerming van diere soos perde by lede te bevorder

**6. MAGTE VAN DIE KLUB:**

Die Klub sal al sodanige magte hê as wat nodig is om die doelstellings in paragraaf 5 hierbo gemeld na te streef en sal verder spesifiek die volgende magte hê:

6.1 om roerende en onroerende goed te verkry tot voordeel van die Klub en ter bevordering van sy doelwitte en om die Klub se eiendom instand te hou, te verbeter en te verander ;

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

6.2 om voorrade en verversings aan te koop, voor te berei, te voorsien, verkoop vir die gerief van sy lede en gaste;

6.3 om regsaksie in te stel,te voer, te verdedig of te laat vaar deur of teen die Klub of sy beamptes, aangaande die Klub se sake;

6.4 ‘n bankrekening of rekenings te open in die naam van die Klub en om tjeks en ander verhandelbare instrumente in die naam van die Klub te trek,aksepteer in verband met die sake van die Klub;

6.5 om te handel met geld van die Klub en om geld wat nie dadelik benodig word vir die Klub se doelwitte nie, te belê by erkende handelsbanke;

6.6 om geld te leen en verbande te passeer oor die Klub se eiendom of gedeelte daarvan as sekuriteit vir die nakoming van sy verpligtinge; of om skuldbewyse, promesses, of ander sekuriteite te gee vir daardie doel;

6.7 Om ter stuiwing van sy fondse vir nastrewing van die Klub se doelwitte kompetisies, danse en ander sosiale funksies te hou en om spesiale reëlings in die verband te tref ten opsigte van die Klub se eiendom

6.8 Om te affilieer by assosiasies met soortgelyke doelwitte as die Klub, onderhewig daaraan dat geen ledegeld aan sodanige assossiasies betaal mag word as dit nie bona fide ter bevordering van die doelwitte van die Klub is nie;

6.9 Om skenkings, huurkontrakte en enige vorm van kontrak aan te gaan, insluitende verkoop en koop van enige eiendom;

6.10 om aansoek te doen vir en hiernuwing te doen van noodsaaklike lisensies, insluitende vir die verkoop van drank en ander kommoditeite op die Klub se perseël;

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

## 7 LIDMAATSKAP

7.1. Lidmaatskap van die Klub sal onbeperk wees wat geslag, ras, oortuiging en getal betref, buiten dat die Bestuur dit tydelik, volgens sy eie diskresie, die lidmaatskap mag sluit, en bykomende lede weer mag aanneem op 'n latere stadium, soos besluit deur die Bestuur. Daar moet egter te alle tye minstens 35 (vyf en dertig) gewone lede in die klub wees. Geen gewone lid van die klub mag egter verkies word tensy, binne veertien dae na sy/haar nominasie, sy/haar naam vir minstens sewe dae op die kennisgewingsbord by die klub se perseel verskyn het nie. Die verkiesing van nuwe lede sal deur die bestuurskomitee behartig word, nadat behoorlike kennis gegee is soos bedoel in hierdie sub-klousule.

7.2. Alleen aan kinders van lede sal reg gegee word om te ry onder toesig van die Klub se verteenwoordiger. Onder lede word verstaan, albei ouers waar dit van toepassing is.

7.3. Elke lid van die Klub sal, ipso facto, of deur aansoek te doen om lidmaatskap of deur deel te hê in enige van die voorregte van lidmaatskap, moet instem en sal gebind word deur die Konstitusie, reëls en regulasies in werking en enige verdere reëls en regulasies wat uitgevaardig mag word van tyd tot tyd.

7.4. Slegs lede van die klub mag betaal vir enige fasiliteite, drank of verversings wat op die perseel van die klub verskaf word.

7.5. Lede is geregtig om hoogstens vier gaste per geleenthgeid na funksies of aktiwiteite by die klub te bring.

7.6. Die klub se sekretaris moet 'n behoorlike register hou van al die lede van die klub.

## 8. STIGTERSLEDE:

Alle persone wat aangesluit het by die Klub, voor en op 18 Junie 1969, sal aangewys word as Stigterslede.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

**9. LEWENSLANGE LEDE:**

Enige behoorlike gekose lid van die Klub sal toegelaat word om saamgestelde ledegelde soos van tyd tot tyd deur die Bestuur vasgestel as inskrywingsfooi te betaal, wat hom sodoende ‘n lewenslange lid sal maak. ‘n Lewenslange lid sal al die voorregte van ‘n gewone lid geniet.

**10. ERE-LEDE:**

Op aanbeveling van die Bestuur by ‘n jaarlikse algemene vergadering of ‘n spesiale algemene vergadering, kan enigeen gekies word as ‘n Ere-lid of in ‘n permanente hoedanigheid, of vir ‘n genoemde periode, as twee-derdes van die stemgeregtigde lede teenwordig ten gunste daarvan is. Ere-lede sal alle voorregte van die lede geniet en geen ledegeld of inskrywingsfooi sal betaal word nie. Niemand wat egter binne 30 kilometer van die klub se perseel woonagtig is sal as erelid, tydelike lid of wederkerigheidslid verkiesbaar wees, tensy hy ‘n openbare amp beklee of ‘n buitengewone weldaad aan die klub bewys het, of hy die voorregte van lidmaatskap toegelaat word terwyl hy aan ‘n wedstryd of kompetisie deelneem wat deur die bestuur van die klub goedgekeur is.

**11. BESOEKENDE RUITERS:**

Enige persoon wat hier ‘n besoeker is, of net tydelik hier woonagtig is, sal geklassifiseer word onder die benaming: Besoekende Ruiter. Sogenaamde ruiter mag, onderhewig aan die diskresie van die Klub se verteenwoordiger, gebruik maak van die Klub se fasiliteite teen betaling van ‘n fooi waarop besluit is deur die bestuur.

**12. BEDANKINGS:**

Bedankings moet offisieel gerig word aan die Sekretaris/Sekretaresse van die Klub voor die Jaarlikse Algemene Vergadering.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

**13. ONBEHOORLIKE GEDRAG:**

As enige lid of sy kind, wat ry onder toesig van die Klub, deur die Bestuur, na behoorlike ondersoek, skuldig bevind word aan growwe onbehoorlike gedrag, mag die bestuur besluit om so ‘n oortreder te skors, sonder om ‘n rede te verstrek, en die oortreder sal dan alle regte, eis en voorregte wat die klub of sy eiendom bied, summier verbeur.

**14. INTREEFOOIE EN LEDEGELDE**

Intreefooie en ledegelde sal as volg betaal word –

| | Intreefooie | Jaarlikse ledegelde |
|---|---|---|
| Lede (per familie) | R100.00 | R100.00 |

Jaarlikse ledegeld mag nooit minder as R50.00 per jaar beloop.

Behalwe in die geval van nuwe lede, sal jaarlikse ledegelde betaalbaar wees op die 30ste Junie van elke jaar, en geen lid wie se ledegelde drie maande of langer agterstallig is, sal enige van die voorregte van lidmaatskap geniet, of sal kan deelneem as ruiter in enige van die Klub funksies alvorens die ledegeld betaal is nie.

**15. ALGEMENE VERGADERINGS:**

‘n Jaarlikse Algemene Vergadering van die Klub sal geskied so vroeg as moontlik na 31 Mei elke jaar vir die doel om die volgende aangeleenthede te bespreek en/of af te handel.

15.1. Aanneming van die notule van die vorige lede vergadering.

15.2. Voorlegging van ‘n voorsittersverslag wat gewoonlik sal handel oor die sake van die Klub sedert die vorige jaarlikse Algemene Vergadering en enige ander sake wat deur die bestuur op besluit is, om voor die vergadering te bring.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

15.3. Oorweging en aanneming van die finansiële verslag ten opsigte van die afgelope finansiële jaar.

15.4. Verkiesing van Voorsitter.

15.5. Verkiesing van Vise-Voorsitter.

15.6 Verkiesing van Ere-lede (indien enige).

15.7 Verkiesing van Sekretaris/Sekretaresse.

15.8 Verkiesing van Tesourier/e.

15.9 Verkiesing van drie (3) Bestuurslede.

15.10. Algemeen.

15.10.1. Vir alle vergaderings sal 14 volle dae kennis gegee word,.

15.10.2. By alle Algemene Vergaderings sal tien (10) stemgeregtigde lede ‘n kworum vorm.

15.10.3. Die Voorsitter, of in sy afwesigheid, enige lid wat deur die lede teenwoordig gekies word, of in die afwesigheid van hierdie lede, enige Bestuurslid wat teenwoordig mag wees, sal waarneem by al die vergaderings van lede, behalwe in die geval van ‘n vergadering wat aangevra en belê is deur die lede, wanneer die vergadering ‘n Voorsitter sal kies.

15.10.4. Op alle voorstelle by vergaderings sal daar besluit word deur ‘n meerderheid van stemme, buiten as daar anders besluit word in hierdie reëls, en daar sal deur die opsteek van hande gestem word, behalwe waar die Voorsitter, of nie minder as vyf stemgeregtigde lede ‘n stemmery deur middel van stembriefies aanvra nie.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

15.10.5. Geen lid is geregtig op meer as een stem namens homself nie, b/halwe die Voorsitter wat ‘n beslissende stem sal hê in die geval van ‘n gelykop stemtelling, saam met sy oorwegende stem.

15.10.6. Enige mosie of voorstel wat by ‘n vergadering voorgelê word, moet voorgestel en gesekondeer word, alleenlik deur stemgeregtigde lede.

**16. REKENINGE EN OUDITERING:**

16.1. Die fondse van die Klub sal gedeponeer word in die naam van die Klub, op sulke rekeninge en by sulke banke en/of ander instansies soos deur die Bestuur van tyd tot tyd op besluit het. Sulke rekeninge sal in gebruik kom as enige twee van die volgende persone se handtekening daarop verskyn:
Voorsitter, Vise-Voorsitter, Sekretaris/Sekretaresse, Tesourier(e) en ‘n Bestuurslid.

16.2. Die Bestuur sal toesien dat daar getrou en behoorlik boek gehou word van al die gelde ontvang en uitgegee, van al die bates en laste, en oor die geheel, van al die Klub se finansiële sake en transaksies.

16.3 Die Klub se finansiële jaar sal strek vanaf 1 Junie tot 31 Mei, en ‘n jaar se ledegelde sal daardie periode dek. Aan die einde van elke finansiële jaar sal die Bestuur toesien dat ‘n finansiële verslag voorberei word, en dat hierdie verslag behoorlik opgestel en gesertifiseer word deur ‘n bevoegde boekhouer, wat aangestel sal word deur die Bestuur, maar wat nie ‘n Bestuurslid sal wees nie. Hierdie verslag sal alle besonderhede bevat van die inkomste en uitgawes gedurende die voorgaande finansiële jaar.

**17. BESTUUR:**

17.1. Die algemene bestuur van die sake rakende die Klub, sal berus by ‘n Komitee van sewe (7) lede, wat sal bestaan uit die Voorsitter, Vise-Voorsitter, Sekretaris/Sekretaresse, Tesourier/e en 3 bykomende lede. Alle lede van

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

hierdie bestuur sal gekies word op die Jaarlikse Algemene Vergadering van die Klub. Alle lede van die Bestuur sal jaarliks uittree, maar sal weer verkiesbaar wees. Die bestuurskomitee moet minstens een maal per maand vergader om sake van die klub te bespreek.

17.2. Geen lid, wat afwesig is by sodanige algemene jaarvergadering, sal verkiesbaar wees om op die Bestuur te dien nie, buiten as sy geskrewe toestemming ingelewer is by die Voorsitter.

17.3. Die Sekretaris/Sekretaresse sal alle besluite by elke vergadering notuleer in ‘n Notuleboek, en die notule van elke vergadering sal goedgekeur word by die volgende vergadering. By alle bestuursvergaderings sal drie (3) ‘n kworum vorm, en die Voorsitter sal die beslissende stem kan uitbring, saam met sy oorwegende stem.

17.4. Alle dade gedoen, en skulde aangegaan deur die Bestuur of deur lede in Bona Fide uitvoering van hulle pligte, sal aangeneem word asof deur die Klub as ‘n geheel.

17.5. Alle plaaslike reëls, regulasies en bepalings, goedgekeur deur die Bestuur, wat nie teenstrydig is met hierdie reëls nie, sal bindend wees met betrekking tot lede van die Klub.

17.6. Die bestuurskomitee is geregtig en bevoeg om, volgens hul diskresie, lede te koöpteer om as addisionele lede van die bestuurkomitee, sekere spesifieke take in die algemene bestuur en organisering van die klub te verrig. Die bestuurskomitee sal verder geregtig wees om sodanige gekoöpteerde lid te enige tyd, na behoorlike kennisgewing aan sodanige lid, uit sy amp te ontslaan. Gekoöpteerde lede sal geen stemreg hê op enige komiteevergadering nie.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

17.7 Nòg lede nòg ampsdraers sal aanspreeklik wees vir verpligtinge of skulde van die klub bloot vanweë hul status as lede of ampsdraers van die klub.

17.8 Ampsdraers is nie persoonlik aanspreeklik vir enige skade gely deur enige persoon as gevolg van 'n handeling of late wat plaasvind in goeie trou terwyl die ampsdraer sy funksies vir of namens die klub uitvoer nie.

## 18. LENINGS:

18.1. Die Bestuur van die Klub mag tydelik, wanneer daartoe gelas, deur 'n besluit wat deur nie minder nie as twee-derdes van die stemgeregtigde lede teenwoordig geneem is by enige Spesiale Algemene Vergadering, 'n lening vir 'n sekere som of somme geld, op sulke terme, voorwaardes en sekuriteit soos deur sodanige besluit bepaal, by enige finansiële instelling aangaan.

18.2. Alle leningsdokumente wat deur die Klub tot uitvoering gebring moet word wat betrekking het op gelde geleen en eiendom op verband uitgeplaas, sal namens die Klub onderteken word deur enige twee (2) van die volgende: Voorsitter, Vise-Voorsitter, Sekretaris/Sekretaresse, Tesourier/e en 'n Bestuurslid.

## 19. VERKRYGING EN VERVREEMDING VAN ONROERENDE EIENDOM

19.1 Die Klub sal die mag besit om onroerende eiendom te bekom deur aankoop, huur, donasies, geskenk of enige ander manier. Aanskaffing van sodanige eiendom deur middel van aankoping of huring sal egter slegs geskied nadat toestemming van twee-derde meerderheid van die stemgeregtigde klublede teenwoordig by 'n algemene vergadering, verkry is. Die klub sal die mag besit om te verkoop, skenk, verruil of van die hand te sit, sy onroerende eiendom deur enige vorm van vervreemding, maar sodanige vervreemding sal nie deurgevoer word sonder die toestemming van twee-derdes meerderheid van die stemgeregtigde lede teenwoordig by 'n Spesiale Algemene Vergadering van die Klub nie. alle onroerende eiendom verkry deur die Klub

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

sal in die naam van die Klub geregistreer word. Ondanks enigiets wat in hierdie klousule vervat is, sal die genoemde bestuur die reg hê om alle nodige dokumente te teken om uitvoering te gee aan enige verkryging of vervreemding van onroerende eiendom.

19.2 Die klub se inkomste en eiendom mag glad nie verdeel word onder sy lede of ampsdraers nie, behalwe as redelike vergoeding vir dienste gelewer daarstel.

**20. LOCUS STANDI**

Die klub sal met volle locus standi in judicio beklee wees om in eie naam enige siviele aksie in te stel of te verdedig.

**21. BESKADIGING VAN KLUB EIENDOM**

'n Lid sal nie aanspreeklik gehou word om enige skade gedoen aan Klub Eiendom of eiendom deur die Klub in gebruik, te vergoed nie, tensy sulke skade persoonlik deur die lid self aangerig is, of deur enige ander ruiter vir wie hy of sy verantwoordelik is.

**22. EIENAARS RISIKO**

Die Klub sal nie vir die eiendom van lede verantwoordelik wees nie, insluitende hulle perde of hulle gerei wat by die Klubgronde gelaat of gestoor word nie.

**23. ONGELUKKE EN VERLIESE**

Die Klub sal nie vir enige ongelukke ter eniger tyd, of vir die veiligheid van die lede en andere, of vir hulle perde of hul gerei of ander eiendom aanspreeklik gehou word nie.

**24. VERANDERINGE AAN KONSTITUSIE**

Geen verandering, toevoeging, wysiging of skrapping van hierdie reëls sal toegelaat word nie, tensy dit goedgekeur is by 'n Spesiale Algemene Vergadering wat behoorlik belê is volgens hierdie reëls. Veertien (14) dae

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

kennis sal gegee word waarin die verandering, toevoeging, wysiging of skrapping wat voorgestel sal word, deeglik uiteengesit is.

**25. ONTBINDING VAN KLUB**

25.1. Die KLUB word ontbind deur 'n EENPARIGE besluit van die lede teenwoordig geneem op 'n algemene ledevergadering mits die voorsteller en sekondant van sodanige voorstel tot ontbinding die Sekretaris sestig dae voor die betrokke ledevergadering skriftelik van hul voorstel in kennis gestel het en mits die Sekretaris minstens dertig dae voor die betrokke ledevergadering kennis van sodanige voorstel aan die lede gepos, gefaks of ge-epos het. Sodanige kennisgewing moet vergesel word van voorskrifte aangaande die uitbring van volmagstemme.

25.2 Wanneer daar tot ontbinding oorgegaan word, sal die ledevergadering twee persone verkies wat sal optree as likwidateurs van die bates en laste van die afdeling. Die likwidateurs se magte en vergoeding sal op sodanige ledevergadering bepaal word.

25.3. Die likwidateurs sal alle bates wat nie benodig word vir betaling van skulde, of vir hul vergoeding nie, oordra aan die WORCESTER DIEREBESKERMINGS VERENIGING, synde ‘n vereniging met oogmerke soortgelyk aan dié van die KLUB.

**26. VERTOLKING**

Ingeval daar twyfel bestaan oor die betekenis van enige van die voorafgaande reëls of regulasies, sal die kwessie oor besluit word deur die bestuur, wie se vertolking finaal en bindend op die lede sal wees.

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)

Ek, Terence Roy Skelding, in my hoedanigheid as Voorsitter van die Worcester Perdryklub, sertifiseer hiermee dat bogemelde 'n ware weergawe is van gemelde klub se Grondwet.

____________________________________

T.R. Skelding

Print to PDF without this message by purchasing novaPDF (http://www.novapdf.com/)